

26 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 25:1-8
FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 36:2-7

Die voorbereiding en bou van die tabernakel

Moses tref hier voorbereidings vir die bou van die tabernakel, die aanbiddingsplek vir Godsvolk op hul tog deur die woestyn. Hy beskryf alles wat nodig word, presies soos op die plan wat hy op die berg van God ontvang het. Kyk, Mens, wat God as offergawes wil ontvang, is net die beste. Verder sien ons die volk het vrywillige offers gebring omdat dit vir hulle 'n eer was om die beste vir God se woning te gee (36:3).

Het u al 'n kleintjie dopgehou hoe hy lekkers uit ouma se hand aan maatjies uitdeel? Die outjie doen dit so mik-mik en effentjies-effentjies, want hy is van plan om die beste of meeste nog vir homself te hou. Ons volwassenes is ook maar so met ons offergawes aan die Here, sy kerk, ons betrokkenheid en deelname. Oppas tog dat u nie effentjies-effentjies u hand oopmaak vir God nie. Indien u wil hê God moet in u huis, saam op die werksvloer en in ons gemeente kom woon, moet ons ons beste vir Hom gee.

Die Vader het sy beste en Enigste, sy Seun vir ons gegee sodat ons sal besef: Ons kan en mag niks vir God terughou nie. Diegene wat reken hulle sal later hul beste gee, kan nou al weet daardie dag sal nooit aanbreek nie. Wanneer ons karig saai met ons lewe, effentjies-effentjies bereid is om te gee, sal ons ook nooit die vreugde ervaar dat die Gees van God ook in ons lewe, ons huis ingetrek het nie. God se volk het uit 'n gewillige hart soveel gegee dat die vakmanne later moes vra: Stop, daar is nou genoeg! Kan dit al van ons gesê word dat ons vrywillig van harte gee, meer as genoeg gee?

Sing: Psalm 4:3

Dr Jan Venter (Pretoria-Annlín)